Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

15 September 2023

Uitgawe: 9/3/2023

## UIT DIE KANTOOR

Neem asb. kennis dat hierdie die laaste uitgawe van die Weekblad vir hierdie kwartaal sal wees.

Daar is 'n groot opgewondenheid by die skool oor die konsert wat volgende week plaasvind. Vandag was hul laaste oefening en die personeel is maar lekker gespanne dat alles goed sal verloop. Die kinders het dan ook almal vandag geleentheid gehad om vir mekaar op te tree waar hul mekaar lekker kon ondersteun en aanmoedig.

Van my kant af wil ek elke ouer bedank vir die tyd wat u opgeoffer het om u kind die afgelope week na-ure te bring vir ekstra oefening. Dit het regtig baie gehelp. Ons waardeer dit opreg.

Ons vertrou regtig dat die konsert vir almal wat dit gaan bywoon 'n heerlike ontspanne aand sal wees. Ondersteun gerus ons Kaalvoetkafee wat elke aand heerlike eet- en drinkgoed te koop sal aanbied. Elders in die weekblad sal u sien wat te koop aangebied sal word asook waar en hoe u vooraf bestellings kan plaas vir etes.

Ek herinner ouers net weer daaraan dat die skool op Vrydag, 22 September reeds om 11:00 sal verdaag. Dit is as beloning vir die kinders se harde werk met die konsert, asook die langnaweek wat voorlê. Die personeel sal egter steeds op diens wees en toesig hou vir die kinders wat normale tyd afgehaal word. Die Nasorgsentrum sal ook normaal funksioneer.

## ANDER

Namens die skool wens ons Mnr. Arthur Williams en sy vrou Elandré baie geluk met die geboorte van hul seuntjie. Luka-Leigh het Woensdag, 13 September sy opwagting gemaak - op sy ma se verjaarsdag. Mag sy pad geseënd wees.


Juffrou Linda Vermaak het bedank en verlaat Tjokkies aan die einde van die jaar. Haar man het 'n uitstekende geleentheid in die Kaap gekry en hul gaan daarheen verhuis.

Sien aangeheg die advertensie van haar beskikbare pos asook poste wat by die Pre-Primêre Skool beskikbaar is vir 2024.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 15 Sept.: | Konsertoptrede vir maats |
| 18-21 Sept.: | Konsert |
| 24 Sept.: | Erfenisdag |
| 25 Sept.: | Publieke vakansiedag (geen skool) |
| 27/28 Sept.: | Sportfoto's (betaling op karri) |
| 28 Sept.: | Uitdeel van rapporte |
| 29 Sept. | Skole sluit om 10:00 |
| 30 Sept.-5 Okt. | Doornkloof Gebiedskamp |
| 10 Okt.: | Skole heropen |
| 11 Okt.: | Dept. Gesondheid besoek skool vir opvolg-inentings (gr. 5) |

# VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 17 Sept.: | Mnr. Hermann Davin |
| 5 Okt.: | Mnr. Hennie Greyling (Terreinbestuurder) |
| 6 Okt.: | Mnr. Wessel Groenewald (BL. O/Voorsitter) |

## DEPT. GESONDHEID

Die Departement van Gesondheid besoek weer die skool op Woensdag, 11 Oktober 2023 vir Td-inenting vir die graad 5-seuns en opvolg MPV-inenting vir die dogters (tweede dosis). Betrokke leerders sal toestemmingsvorms hiervoor ontvang. Enkele graad 6-dogters ontvang ook hul tweede dosis.

## KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

Die Kaalvoetkafee is die gasheer van die snoepie met die konsert-aande. Daar sal 'n verskeidenheid winkeltjippies, koue drinkgoed, biltongprodukte en sjokolades te koop aangebied word by ons gazebo's reg langs die saal. Cappuccino en warmsjokolade sal help vir die luggie wat dalk nog 'n bietjie koel raak (kontant en kaart). Daar is vir ons kleinspan (en die grootmense jonk van gees) weer 'n spookasemmasjien en draairoomysmasjien beskikbaar (slegs kontant).

Ouers wat vir hul kinders 'n pakkie bymekaar wil sit of sommer jou inkopies reeds klaar verpak wil afhaal, is welkom om op die Kaalvoetkafee se aanlynskakel onder dié week se "konsert"-tydgleuf 'n bestelling te plaas. Hierdie bestellings is reeds beskikbaar vir afhaal vanaf 17h00 af by die gazebo's. Indien julle na skool dit wil afhaal, bestel vir daardie spesifieke tydgleuf – die kafee is steeds oop tot 15h30 elke dag. Onthou! Etes wat per Karri bestel was vir die konsertaande kan ook afgehaal word by die Kaalvoetkafee na skool – skakel asseblief met die Kaalvoetkafee vir 'n reëling. Dit wat nie voor die tyd afgehaal word nie, sal vir die betrokke aand warm tydens pouse beskikbaar wees by die personeelkombuis langs die saal.

Vir enige onduidelikheid, kontak gerus die **Kaalvoetkafee by 082 612 7756.**

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Geleentheid om op ons tafelkalender van 2024 te adverteer.

- ***"DESKPAD": U kan advertensiespasie koop op ons pragtige tafelkalender. Daar is slegs 8 spasies beskikbaar. (7.5cm x 4 cm) Dit is so min of meer 'n visitekaartjie se grootte - beskikbaar @ R3 500. U kry op elke blad blootstelling teen 'n bedrag van minder as R300.00 per maand.***




Skakel met [bemarker@tjokkies.co.za](mailto:bemarker@tjokkies.co.za) om u spasie te verseker.




**AANDAG ALLE GRAAD 7's**

Is jy reg vir Hoërskool Wiskunde?

Ontdek 'n Hele Nuwe Wêreld van Wiskunde saam met Mnr. Nicolaas Slabbert!

Moet nie die unieke geleentheid misloop nie.

Bespreek jou plek voor 29 September 2023. Beperkte plekke beskikbaar!



**Wheel Alignment and Wheel Balancing**

**for only**

**R100**

Available on Monday, Wednesday and Friday

**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**

**Visit us at 89 Oliver Tambo Rd, Oranjesig Bloemfontein**
Call us: 051 816 0300 | bloemfonteinservice@autopedigree.co.za

T's and C's apply

RMI miwa

AUTO PEDIGREE quality used vehicles
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE



## SPECIALISED INVESTMENT SERVICES

**Getting ready for Spring... Is it perhaps the right time to restructure your investment portfolio?**



HORACE TERRY CFP®

Senior Financial Planner
Investment Professional

ATON
WEALTH NAVIGATION
*FSP # 48449*
*Authorised Financial Services Provider*

T +27 51 430 0302
C +27 82 903 4582
E horace@atonwealth.com


@TJOKKIES
HUISWERKSENTRUM
BIED AAN
VAKANSIE SORG
02-05 OKTOBER
2 LOUIS BOK ST, UNIVERSITAS
07:30-16:30
Pak eie kossies en gemerkte speelgoed
Gr.R- Gr7 welkom
R100 per dag
Bespreek nou, slegs beperkte plek beskikbaar
Speel | Games | Face Painting | Movie day | Music & Dance | And a Lot More...
Vir meer informasie kontak
Juffrou Shani: 0716861670


kefi
OPEN
kos • kuier • koffie
DIE KEFI IS OOP ELKE AAND VAN DIE KONSERT
Kom drink 'n koffie of kry aandete terwyl jy wag.
@TJOKKIES SENTRUM
2 LOUIS BOK ST, UNIVERSITAS

ERROR: undefined
OFFENDING COMMAND: ‘~

STACK: